# Grondliggende algoritme vir postmodernisme

**Martie Muller**


## Opsomming

In hierdie artikel word 'n dominante modus van postmodernisme as topologies getipeer. Die topologie ontstaan as gevolg van die verwerping van legitimasie deur die logika wat hier as grondliggend aan postmodernisme aangebied word, naamlik die Zero-2-logika. Vir fiksie hou dit die implikasie in dat die grondbeginsels van tradisionele fiksie, naamlik "mimesis" en "selfgenoegsame betekenisvorming", verwerp word. As gevolg van hierdie verwerping van "vaste punte", raak die teks "drywend" as die vaste punte in die modernisme relativisties begin verskuif. Dit lei dan tot topologiese vervorming van die teks in die postmodernisme. Hierdie topologie word gegenereer deur die bioptemiese sisteem wat binne die proses van die teks bestaan.

Die topologie kan met behulp van die Klein-vorm verduidelik word. Hierdie model vertoon duidelik hoe die topologiese aard van die fiksie in die oorskryding van grense lê: die oortreding van grense tussen fiksie en realiteit het die vorming van die topologiese subjek en topologiese invou tot gevolg; in die vervaging van historiese en ruimtelike grense word topologiese sones gevorm; selfs die dialogistiese diskoerse binne die teks gaan topologies in mekaar oor.



## Summary

In this article it is proposed that a dominant mode of postmodernism be typified as topological. It is argued that topology results from a rejection of legitimation by a Zero-2 logic, which is seen to underlie postmodernism. In the case of fiction such a rejection implies that the basic principles of traditional fiction, that is, the notions of "mimesis" and the possibility of "self-sufficient assessment of meaning" are rejected. As a result of such a rejection of "fixed points", a relativistic shift occurs in modernism whereby the text becomes "floating". This, in turn, leads to its topological transformation in postmodernism. It is a topology which is generated by the bioptemic system which is inherent to the process of the text.

Topology can be explained with reference to the "Klein" form, since this model clearly shows how the topological nature of fiction should be sought in the transgression of borders. Deconstruction of the borders between fiction and reality results in the formation of the topological subject and implicates the process of topological invagination; the blurring of historic and spatial borders leads to the formation of topological zones; even the dialogistic discourses within the text are seen to overlap topologically.


Die postmodernistiese verskynsel vertoon vele gedaantes. Verskeie pogings is al aangewend om die postmodernisme te definieer en te sistematiseer.[1] Daar is egter na my mening nog nie 'n geslaagde grondliggende algoritme aangebied waartoe die omvattende veelheid van verskynsels gereduseer kan word nie. Hassan (1986: 504) stippel 'n postmodernistiese kulturele veld uit in sy "catena of postmodern features". Ook Liebenberg (1988: 274) abstraheer dertien verskillende skrywers se beskouings oor postmodernisme na drie dominante temas. McHale (1987) bied wel 'n dominante modus vir postmodernistiese fiksie aan, naamlik "ontologie", maar hierdie poging slaag nog nie daarin om oortuigend as sambreel te dien vir die veranderende gedaante van die postmodernistiese verskynsel nie.

In hierdie artikel wil ek poog om die omvattende veelheid van verskynsels in die postmodernisme binne 'n grondliggende algoritme te huisves. Ek meen dat die aanvaarbaarste verduideliking vir hierdie veranderende gedaante

binne die topologie gevind kan word. In hierdie benadering wil ek *"topologiese veranderlikheid"* as 'n dominante modus vir postmodernisme aanbied.

Binne 'n topologiese situasie word onder andere homeomorfiese vormveranderings gevind, soos wanneer 'n sirkel homeomorfies in 'n vierkant verander (Keen 1971: 363). Ook word 'n ononderskeibaarheid tussen binne en buite gevind soos deur Klein se vorm en die Moebius-strook (Brodey 1971: 4) gedemonstreer. Hier word 'n invou van buite na binne gevind wat veroorsaak dat grense nie meer duidelik afgebaken word nie, en binne en buite ononderskeibaar verstrengel raak. Hierdie homeomorfiese vormveranderings en oorskryding van grense as gevolg van topologiese invou vorm alles deel van die postmodernistiese literêre situasie soos verderaan beskryf sal word.


Die verskillende wêrelde binne die heterogeniteit van postmodernisme lei McHale (1987: 10) daartoe om die dominante modus van postmodernisme as "ontologies" te herken. In die postmodernisme word ontologie vir hom vooropgestel, teenoor die vooropstelling van epistemologie in die modernisme. In aansluiting by McHale se demonstrasies van die bevraagtekening van die ontologie soos dit in die postmodernistiese tekste gevind word, meen ek dat in die soeke na 'n dominante modus, die klem op die *oorskryding* van die grense tussen die verskillende wêrelde geplaas moet word. Alles vloei ineen, oor mekaar, binne mekaar, die een wêreld gaan oor in die ander. Grense tussen teks en wêreld vervloei, skrywer en karakter gesels met mekaar. Hierdie oorskryding kan slegs met behulp van 'n topologiese logika verduidelik word, omdat die begrip "onbegrensdheid" deur die topologiese vorm self vergestalt word: dit omvat nie slegs McHale se tipering as ontologies nie, maar voer die ontologie tot sy volle postmodernistiese konsekwensies in die sin dat die oorskrydings van ontologiese grense implisiet in die begrip "topologie" vervat is; dit wat so eie aan postmodernisme is, naamlik delegitimasie, lê binne die topologiese vorm self; ook word die onbepaaldheid wat deur onder andere Liebenberg (1988) en Hassan (1986) as belangrike postmodernistiese kenmerk onderskei is, duidelik deur die topologiese vorm vertoon.


Die postmodernisme as topologiese veranderlikheid word deur 'n Zero-2-logika onderlê. Kristeva onderskei 'n Zero-1 van 'n Zero-2-logika. Ek wil hierdie onderskeiding van haar gebruik om die spesifieke topologiese aard van postmodernistiese fiksie duidelik te maak deur aan te toon hoe 'n mimeties-gerigte fiksie (tradisionele fiksie) via die relativistiese bewussyn van modernisme oorgegaan het na 'n fiksie met 'n topologies veranderlike aard (postmodernisme).

## Zero-1 en Zero-2-logika


Zero-1-logika kan as grondliggende logika van tradisionele fiksie beskou word, terwyl die topologiese veranderlikheid soos dit in postmodernisme gevind word, met behulp van Kristeva (Moi 1986: 41 en Zepp 1982: 81) se Zero-2-logika verduidelik kan word.[2]

In tradisioneel-dialektiese logika was daar 'n vaste punt (sentrum) vanwaar 'n mens die res van die wêreld benader het. Die manier waarop ons die wêreld

benader, het gevolglik lineêr en oorsaaklik gefunksioneer. Dit word "logiese redenasie" genoem. 

Die logika is gebaseer op sisteme van twee wat basies waar of vals was. Hier was dus duidelik teenoor-mekaar-staande dualiteite. Kristeva noem dit: Zero-1. 



In Zero-1 is een van die komplemente outoritêr (1). Dit is Die Wet, Die Struktuur, Die Definisie wat die logika rig. Hier vind 'n mens as ankerpunte onder andere 'n basis van betekenis, 'n grondliggende sisteem, 'n outoritêre stem.




Kristeva se Zero-1-logika word hier as onderliggende logika van tradisioneel-realistiese fiksie aangebied. In hierdie fiksie word die ankerpunte gevorm deur mimesis, selfgenoegsame betekenisvorming en die outeur.

Ek wil die posisie van modernisme ook binne hierdie model aanbied sodat postmodernistiese fiksie verderaan in perspektief geplaas kan word teenoor sowel modernistiese as tradisioneel-realistiese fiksie. In modernistiese fiksie word kousaliteitsoorwegings geïgnoreer en is 'n relatiwiteitsbewussyn onderliggend aan die fiksie (Muller 1989: 82–86). Interpretasie is subjektief en relatief en modernistiese fiksie begin veral ironies-relativerend teenoor sekerhede optree. Die verhaal word daarom ook dikwels vanuit verskillende perspektiewe aangebied.

Die posisie van modernisme kan soos volg binne die model aangedui word:




Die "vaste punt" neem as gevolg van die relatiwiteitsbewussyn verskillende posisies in. Weens die veranderde posisie word 'n ander kant van die saak raakgesien, en waarde-oordele verander.

Deur die pluralisme van ankerpunte begin die "1" van Zero-1 sy wetmatige kwaliteit verloor en die Zero-1-logika word deur die modernisme gerelativeer. Die modernisme beweeg dus sterk in die rigting van 'n Zero-2-logika.

Die vernietiging van vaste posisies in die modernisme bewerkstellig in die postmodernisme wat daarna volg, 'n oorgang vanaf 'n relatiwiteitsbeginsel na 'n topologies-veranderlike beginsel: die drywing deur veranderlike posisies veroorsaak dat oordele gekoppel word aan die vormveranderings wat die teks self begin aanneem as gevolg van die alternerende posisies waardeur die teks "dryf". Hierdie vormveranderings is topologiese veranderings. Onderliggend aan die topologiese veranderlikheid is Kristeva se Zero-2-logika waarin grense oorskry word.

Volgens Kristeva se Zero-2-logika word die vaste punt (1) oortree of oorskry:




Die outoritêre element is uit die weg geruim, daar is veel meer moontlikhede as sisteme wat basies waar of vals is. Nie een van die twee komplemente bevat dié waarheid of dié essensie wat inherent aan die Zero-1-sisteem is nie. Die struktuur is ortokomplementêr – die komplemente bevestig en ontken mekaar tegelykertyd.

Die 1 van die Zero-1-logika kan nie meer binne die Zero-2-logika gevind word nie. Legitimasie word dus ontken. Hierdie beginsel kan op 'n "konkrete" manier deur die topologiese vorm self gedemonstreer word. Die ortokomplementêre veranderings asook die ononderskeibaarheid tussen binne en buite

van sekere topologiese vorme kan op hul beurt aangewend word om dit wat binne die postmodernisme gebeur, te verduidelik.

## Topologiese vorme

Om hierdie kwessie duideliker te maak, meen ek dat dit in hierdie stadium nodig sal wees om eers 'n demonstrasie te gee van topologiese vorme watgebruik kan word om die postmodernisme te demonstreer. Topologiese vorme wat hiervoor gebruik kan word, is onder andere *homeomorfiese transformasies* en die *Klein-vorm*.

Geometriese figure wat topologiese transformasies van mekaar is, is homeomorfies. 'n Sirkel of 'n vierkant is byvoorbeeld homeomorfies, want die een kan topologies verander word in die ander (deur buiging of rekking, sonder dat dit geskeur, gesny of gevou word) (M.L. Keen 1971: 363). Kyk byvoorbeeld na die topologiese veranderinge in Fransi Phillips (1985) se *Sewe & sewentig stories oor 'n clown*. Die clown gaan homeomorfies oor van dooie tot lewende, van man tot vrou; hy sny rokke uit 'n skildery en trek dit aan, ens.

Die Klein-vorm is volgens Brodey (1971: 4) 'n bottel of 'n wurm wat in homself invou sonder om 'n opening te laat by die plek waar hy in homself inbeweeg. Die Klein-vorm se binnekant is ook sy buitekant. In die topologiese vorm kan enige deel van die vorm 'n ander deel aanraak, kontak daarmee maak, of kommunikeer. Die een deel kan in die ander vloei, en die dele en geheel vloei in tyd deurmekaar. Ons het 'n kwaliteit van deurlopendheid in die vorm en terselfdertyd binne-insluiting of invou. Dink maar aan die selfrefleksiwiteit binne die postmodernistiese teks, die superponering, die topologiese integrasie van geskiedenis. (Vergelyk die illustrasies op die volgende bladsy.)


Ek wil nou eers aantoon hoe oorheersend die "topologiese veranderlikheid" in die postmodernistiese fiksie voorkom, en dan wil ek die algoritme van "topologiese veranderlikheid" met Hassan en Liebenberg en ook McHale se sistematiserings van postmodernisme vergelyk.

In postmodernistiese fiksie, word die volgende binne die topologiese veranderlikheid van die Zero-2-opset gevind:

1. Die oorskryding van grense tussen ontologiese wêrelde.
2. Die oorskryding van diskoersgrense (of die topologie van dialogisme).

Binne die oorskryding van grense word 'n eienskap gevind wat nog nie as spesifiek postmodernisties aangegee is nie, maar wat 'n belangrike deel vorm van die hele postmodernistiese opset, naamlik *bioptemiese lewe*. Voordat ek die oorskryding van grense in postmodernistiese fiksie aandui, moet hierdie begrip verduidelik word.

Warren Brodey (1971: 45) het die bioptemiese sisteem teenoor die meganies-maksimiserende sisteem (Mecky-Max-sisteem) gestel. Die Mecky-Max-sisteem werk soos die meganika van 'n horlosie: die sleutel waarmee die horlosie opgewen word, is die energiebron en die horlosiewysers wat beweeg, is die energie-reaksie. Tussen die bron en die reaksie is 'n ratnetwerk, maar:




die lewering affekteer nooit die toevoer nie. Daar is altyd 'n eindelose bron en eindelose reaksie, maar die reaksie affekteer nie die bron nie. Daar is nie "lewe" nie.

Hierteenoor stel Brodey die biologies-optimiserende sisteme ("bioptemes"). Alles is onderling verbind, en enigiets affekteer enigiets anders, enigiets bevat enigiets anders sodat alles in verbinding met mekaar is (Brodey 1971: 6). Hy noem as voorbeeld die tassintuig: as jy iets aanraak en die

sensuele wêreld inbeweeg, beweeg jy die wêreld van digverbinde sisteme binne. Raak jy dit aan, raak dit jou aan, voel jy die effek daarvan – dit gebeur gelyktydig. Jy's nou nie meer in 'n wêreld van swak interkonneksie nie. Nou staan jy binne gebeure wat ander gebeure affekteer. Hier is "lewe".

Hierdie bioptemiese lewe word op verskillende maniere in die postmodernisme aangetref. In die volgende gedeelte sal ons kyk na die topologie waarbinne grense oorskry word. As gevolg van hierdie oorskrydings staan gebeure binne gebeure wat mekaar affekteer: die ingebedde vlak affekteer die primêre vlak, die karakter gesels terug met die skrywer, ens.

Laat ons nou kyk hoe topologiese veranderlikheid manifesteer as die grense tussen ontologiese wêrelde oorskry word.

## 1 Topologiese invou: selfrefleksiwiteit

Selfrefleksiwiteit kan met behulp van die topologiese invou van die Kleinvorm beskrywe word. Daardeur kom binne en buite by mekaar uit, en kry ons geleentheid vir bioptemiese interaksie. Die selfrefleksiewe roman vou na homself toe terug, of beweeg selfs, soos die Klein-Bottel, in homself in. Dikwels word fiksionaliteit, struktuur of taal as "tema" in openlike selfrefleksiewe tekste aangebied. Soms beweeg die skrywer in die verhaal in, en word deel van die fiksie self, of 'n ingebedde verhaal gaan oor in 'n ander ingebedde verhaal *(mise-en-abyme)*.

Selfrefleksiwiteit is nie 'n spesifiek postmodernistiese eienskap nie. Die hantering van selfrefleksiwiteit word postmodernisties wanneer bioptemie in die topologie begin plaasvind. In die *mise-en-abyme* van postmodernisme staan die ingebedde vlakke nie bloot langs of in mekaar nie, maar ons kry voortdurend 'n oorskryding van grense tussen die verskillende ingebedde vlakke van *mise-en-abyme*. Die topologie wat hier gevind word, is dus nie net die topologiese inbeweeg van een inbedding in 'n ander, soos in Klein Wurm nr. 4 nie, maar ook die onderlinge inbeweeg van die verskillende inbeddings in mekaar. Die wêrelde van primêre en ingebedde tekste raak soms so vermeng, dat daar dikwels nie meer tussen hulle onderskei kan word nie. In Pynchon (1973) se *Gravity's Rainbow* word 'n groot stad ontruim. Later word dit duidelik dat dit bloot 'n droom van Pirate Prentice op 'n ingebedde tweede vlak was. Die primêre wêreld word teen die einde as 'n film onthul, al ervaar die leser dit nog steeds as diëgeties. In *Die hemel help ons* van Koos Prinsloo (1987) kry ons doelbewuste verwarring tussen primêre en ingebedde wêrelde: die karakter is die skrywer en die werklikheid is die storie. Ook in John Fowles (1977) se *The Magus* word verskillende spelwêrelde binne die primêre verhaal aangebied wat die leser saam met die ek-verteller, voortdurend verwar: is hierdie ingebedde wêreld deel van die primêre verhaal of nie? Dit wat die leser as primêre verhaal ervaar het, word op 'n stadium onthul as 'n toneel wat op film vasgelê word: die karakters skep hul eie drama en word onbewustelik afgeneem.

As gevolg van hierdie verbreking van die raam tussen primêre en ingebedde vertelling, word in plaas van die "eenrigtingverkeer" van tradisionele *mise-en-abyme*, 'n bioptemiese situasie gevind waar ingebedde vertellers weer

van die vertellers wat van hulle vertel, begin vertel. In *Theresa se droom* van Fransi Phillips (1988) is daar 'n bioptemie tussen elemente uit die primêre en ingebedde vlakke. Kyk byvoorbeeld hoe vermeng elemente uit die tweede en derde vlakke: Theresa verkoop die diamant wat sy in haar droomwêreld (derde vlak) van 'n dwerg ontvang het, in die "werklike wêreld" van die verhaal (2de vlak) aan 'n Maleier, haar pa uit die wêreld in vlak 1. Die hele verhaal word dus geaffekteer deur die bioptemiese reaksie van gebeure uit een vlak op 'n ander vlak. As gevolg van die diamant wat sy uit haar droomwêreld (vlak 3) gekry het, kan sy nou fluitlesse in die werklike wêrelde (vlak 1) neem. Hierdie diamant uit haar droomwêreld help haar dan ook om uiteindelik haar droom in die werklike wêreld van vlak 1 te laat waar word.

Hier word dus nie slegs 'n topologiese inbeweeg van die onderskeie vlakke in mekaar gevind nie, maar hulle reageer op mekaar sodat die hele proses en ook die uitkoms van die verhaal daardeur aangetas word. Hierdie bioptemiese reaksie tussen die vlakke vertoon 'n "lewe" wat eie is aan die postmodernistiese teks.

Die grense tussen die fiktiewe en die realistiese word ook oorskry wanneer die skrywer die Klein-vorm inbeweeg en met sy karakters in gesprek tree as hy hulle sogenaamd in die straat of by partytjies raakloop, of met hulle oor die telefoon praat asof hulle mense van vlees en bloed is, en nie bloot "mense van papier" nie Weer eens is hier nie 'n blote eenrigtingverkeer nie. Ook hier kry ons 'n bioptemiese reaksie as die karakter terugreageer op die skrywer. Alhoewel die karakters as subjekte bloot deel is van die skryfproses (met ander woorde, hulle is maar poppe wat deur die storieverteller beheer word), vertoon hierdie postmodernistiese karakters 'n verrassende eienskap: hierdie poppe kan op hul eie reageer – hulle vertoon 'n reaksie op die manipulasie van die poppespeler wat nie deur hom beheer word nie! Die karakters in *At Swim-Two-Birds* (O'Brien 1971) beplan byvoorbeeld 'n muitery teen die skrywer, Trellis. Nadat hulle vasgestel het dat Trellis nie "absolute beheer" kan hê in sy slaap nie, voer hulle hom met verdowingsmiddels en tree hulle nie op soos die skrywer beplan het nie, maar doen wat hulle wil. Die muitery bereik sy klimaks as hulle die skrywer verhoor. Die aanklagte is veral op die alomteenwoordigheid en almagtigheid van die skrywer gerig. Trellis sou dan ook aan die hand van sy karakters omgekom het, was dit nie vir 'n diensmeisie van die hotel wat hierdie bladsye van die manuskrip verbrand het nie.

Die hantering van karakters in die postmodernistiese roman hang dus nou saam met die topologiese vervloeiing van grense waarbinne bioptemiese interaksie oor grense heen kan geskied.

## 2 Die topologiese oorskrydings van historiese en ruimtelike grense

McHale (1987) wys reeds in sy boek *Postmodernist Fiction* op hierdie oorskrydings, alhoewel hy die dominante modus van postmodernisme bloot "ontologies" noem. Dus: alhoewel hy topologie demonstreer, beredeneer hy ontologie. Die ontologiese grens tussen die werklike en die fiksionele word oorskry wanneer 'n historiese figuur die grens tussen die werklike en die fiksionele oorskry. In *Suidpunt Jazz* van André Letoit (1989) gebruik Timo sy

tydmasjien, wat soos 'n Casspir lyk, om 'n paar dienspligtiges uit die twintigste eeu te gaan haal om Dingaan se Zoeloes te verslaan.

Dikwels word van die erkende offisiële geskiedenis afgewyk as 'n ander weergawe as die offisiële aangebied word. In *The Public Burning* van Robert Coover (1977) kry ons 'n alternatiewe weergawe van die Rosenberg-teregstelling. In *Terra Nostra* van Carlos Fuentes (1978) word 'n alternatiewe geskiedenis van Spanje aangebied waarin Felipe II van Spanje met Elizabeth Tudor van Engeland trou. Ons het hier dus 'n topologiese situasie waarbinne grense oorskry word.

Soms word die ideologie of kultuur van een tydperk oor 'n ander gesuperponeer. In Reed se *Flight to Canada* word twintigste-eeuse tegnologie (telefoon, televisie, motor, lugdiens) oor negentiende-eeuse geskiedenis gesuperponeer (McHale 1987: 93). Ook word geskiedenis en die fantastiese met mekaar geïntegreer. In *The Public Burning* van Coover (1977) word die historiese president Eisenhower die inkarnasie van Uncle Sam gemaak.

Onafgebakende ruimtes word dikwels in postmodernistiese werke aangetref. Dikwels lê stede en gebiede oor mekaar en in mekaar, soos in Nabokov se *Ada* waar Antiterra gekonstrueer word deur Rusland oor Kanada en die VSA te superponeer, Brittanje oor Frankryk, ens. Ook word nie-aangrensende gebiede gejukstaponeer en 'n nuwe sone gevorm. McHale gee die voorbeeld van Guy Davenport (1979) se *Da Vinci's Bicycle* waar die begrafnistrein vanaf Deauville in Normandië deur Barcelona ry, langs die kus van die hedendaagse Joego-Slawië na Genua, Madrid, Odessa, Atlanta (in die VSA!) en weer terug na Deauville.

Die sones wat so gevorm word, kan *topologiese sones* genoem word. In die topologiese sone word bekende begrensings dus op verskillende maniere oorskry deurdat ruimtes oor mekaar geplaas word, nie-aangrensende sones aangrensend word, vreemde ruimtes in bekende ruimtes ingetrek word, en vreemde eienskappe aan bekende gebiede toegedig word.

## 3 Die topologie van dialogisme

Binne die Zero-2-logika van postmodernisme word 'n topologie van diskoerse gevind. Bakhtin (1984: xxii) onderskei die polifoniese roman alreeds as dialogies. Dialogisme as sodanig is dus nie 'n postmodernistiese eienskap nie. Dit is die topologie en die bioptemie binne die polifonie wat die dialogiese teks postmodernisties maak. Die bioptemie veroorsaak dat ons 'n topologie van diskoerse binne die polifonie kry wanneer 'n vloeibare oorganklikheid tussen die verskillende diskoerse plaasvind as hulle op mekaar begin reageer. Hierdie "terugreaksie" is juis moontlik omdat grense oorskry is, en die teks binne gebeure staan wat gebeure affekteer. Omdat dialoog nie meer gesmoor word deur verbod nie, en ons 'n pluraliteit van stemme en bewussyne met gelyke regte kry, kan hulle bioptemies op mekaar reageer. Dikwels kom hierdeur nuwe diskoerse tot stand.

In *Louoond* van Jeanne Goosen (1987) vind ons verskillende diskoerse, naamlik die godsdienstige diskoers, politieke diskoers, die diskoerse van rewolusie, evolusie, van die tradisionele, kulturele diskoerse, ens. Die

verskillende diskoerse word teenoor mekaar gestel, en vloei ook ineen. So kry ons 'n topologie van diskoerse van godsdiens en rewolusie as godsdiens self rewolusie word as die Armeense vrou se kerk uit die aktivistiese massas uit Khayelitsha, Crossroads en Mbekweni bestaan! Ons kry ook 'n topologie tussen die kuns- en rewolusiediskoerse wanneer die spinnekop se skeppingsdaad (die spin van die web) terselfdertyd 'n oorlewingsdaad is. Uiteindelik word 'n "diskoers van lewe" deur die topologie van diskoerse gevorm wat dui op 'n ononderbroke kontinuïteit van wording en verwording, 'n eindelose metamorfose van dood en hernuwing.

Uit bostaande blyk dat die veelheid van verskynsels van postmodernisme in die topologiese veranderlikheid wat binne 'n Zero-2-logika plaasvind, gevind kan word. Hier word die oorskryding van grense tussen ontologiese wêrelde gevind, wat die oorskrydings tussen fiksie en realiteit, tussen die verskillende ingebedde vlakke van die teks en tussen historiese en ruimtelike grense insluit. Ook word die oorskryding van verskillende diskoersgrense hier gevind, wat aanleiding gee tot 'n topologie van dialogisme.

Die algoritme van "topologiese veranderlikheid" kan as sambreelterm vir postmodernisme gebruik word. As mens dit met Hassan (1986: 504) se postmodernistiese kulturele veld vergelyk waar hy dekonstruktiewe en rekonstruktiewe kenmerke onderskei, pas hierdie indeling netjies op die Zero-1 en Zero-2-logikas, soos hierbo genoem.

Hassan noem elf kenmerke van postmodernisme. Die eerste vyf kenmerke beskryf hy as "dekonstruktiewe kenmerke", terwyl die res postmodernisme se rekonstruktiewe neiging beskryf. Die vyf dekonstruktiewe kenmerke is duidelik die wette van Zero-1-logika wat in die postmodernisme oorskry is. Dit is die wette van bepaaldheid, totalisering, kanonisering, selfheid en diepte, en die verteenwoordigingsbeginsel. Die oorskryding van hierdie wette lei tot: onbepaaldheid ("indeterminacy"), fragmentasie ("fragmentation"), dekanonisering ("decanonization"), ontkenning van geslotenheid, eenheid en die self ("selflessness, depthlessness"), en ontkenning van representasie ("the unrepresentable, unrepresentable").

Op hul beurt illustreer die ses rekonstruktiewe kenmerke wat Hassan noem, weer die Zero-2-logika wat onderliggend is aan die topologiese aard van postmodernistiese fiksie, naamlik hibridisering (vermenging, verbastering van vorme) ("hybridization"), die karnavaleske ("carnivalization"), handeling en deelname ("performance, participation"), konstruktivisme ("constructionism") en immanensie ("immanence").

Uit Hassan se sistematiserings is dit duidelik dat die dekonstruktiewe eienskappe van postmodernisme na die vernietiging van die grondliggende sisteme van tradisionele fiksie verwys (Zero-1), terwyl die rekonstruktiewe eienskappe op 'n topologiese vorm met 'n Zero-2-logika dui.

Ook die drie dominante temas wat Liebenberg (1988: 274) uit dertien verskillende skrywers se definiërings van postmodernisme abstraheer, vertoon die verwerping van Zero-1-logika ten gunste van 'n Zero-2-logika. In die eerste tema, naamlik "wantroue teenoor meestervertellings" word eenledige betekenisvorming verwerp – daar is nie meer 'n basis (Zero-1) wat beteke-

nisvorming rig nie. In die tweede tema, "die fiksionalisering van realiteit" word mimesis, op die manier waarop dit in tradisionele fiksie gevorm is, verwerp. Een van die ankerpunte van tradisionele fiksie, gegrond op Zero-1, is dus verwerp. Die derde tema, "die omarming van massakultuur" vertoon die "oopheid" van Zero-2 deur die aanname van 'n Klein-vorm met sy opening: postmodernisme is nie gesluit vir sowel die hoë as vir die populêre vorme nie.

Die veelheid van verskynsels van postmodernisme word ook in tabelvorm deur Hassan (1982) aangebied waar hy modernisme teenoor postmodernisme tabelleer. Die kenmerke in hierdie tabel kan weer eens duidelik as Zero-1 teenoor Zero-2-logikas afgelees word.

Die afleidings wat Hassan en Liebenberg oor postmodernisme maak, verteenwoordig die belangrikste benaderings tot postmodernisme. Uit bostaande sien ons dat hierdie beskouings baie goed inpas by 'n topologiese vorm met 'n Zero-2-logika. Daarom wil ek *topologiese veranderlikheid* as 'n dominante modus van postmodernistiese fiksie aanbied.

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as noodwendig dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

## Aantekeninge

1. Van die belangrikste definiërings en sistematiserings kan in die volgende bronne gevind word: Bernstein (1985); Bertens & D'haen (1988); Burgin (1986); Christensen (1981); Eagleton (1985); Fiedler (1970); Fokkema & Bertens (1986); Foster (1984); Graff (1975); Hassan (1982); Hassan (1986); Hudson (1988); Hutcheon (1983); Hutcheon (1984); Hutcheon (1985); Hutcheon (1987); Huyssen (1984); Jameson (1984); Jencks (1986); Lentricchia (1983); Liebenberg (1988); Lodge (1977); Lyotard (1984); McConnell (1977); McHale (1987); Ryan (1985); Ryan (1988); Said (1983); Spires (1984); Stark (1974); Stevick (1981); Thiher (1984); Waugh (1984); Young (1987).
2. Net soos Kristeva se Zero-1 en Zero-2-logikas nie waterdig van mekaar geskei kan word nie, is daar ook elemente van tradisionele en postmodernistiese fiksie wat oorvleuel. Die skeiding wat hier aangebied word tussen die verskillende afdelings is egter nodig om die verskille wat daar wel bestaan, te identifiseer. Die verskille maak dan ook die besondere of dominante aard van die onderskeie fiksies (tradisioneel, modernisties en postmodernisties) duidelik.

## Verwysings

Bakhtin, Mikhael
1984 *Problems of Dostoevski's Poetics*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Barth, John
1969 *Lost in the Funhouse*. New York: Bantam.

Bernstein, R.J. (ed.)
1985 *Habermas and Modernity*. Cambridge: Polity Press.

Bertens, Hans & D'haen, Theo
1988 *Het postmodernisme in de literatuur*. Amsterdam: De Arbeiderspers.

Brodey, Warren
1971 Biotopology. *Radical Software* 4: 4–7.

Burgin, Victor
1986 *The End of Art Theory: Criticism and Postmodernity*. London: Macmillan.

Burroughs, William
1966 *Naked Lunch*. New York: Grove Press.

Calvino, Italo
1978 *Invisible Cities*, translated by William Weaver. New York: Harcourt Bruce Jovanovich.

Christensen, Inger
1981 *The Meaning of Metafiction*. Borgen, Oslo: Universitetsforlaget.

Coover, Robert
1969 *Pricksongs and Descants*. New York: New American Library.
1977 *The Public Burning*. New York: Viking.

Davenport, Guy
1979 *Da Vinci's Bicycle*. Bloomington: Indiana University Press.

De Vries, A.H.
1988 Die bruid. *De Kat*. Augustus 1988.

Eagleton, Terry
1985 Capitalism, Modernism and Post-Modernism. *New Left Review* 152: 60–73.

Fiedler, Leslie
1970 Cross the Border - Close the Gap. In: Fiedler, L. 1971. *The Collected Essays of Leslie Fiedler* Vol 11. New York: Stein & Day.

Fokkema, D. & Bertens, H.
1986 *Approaching Postmodernism*. Amsterdam & Philadelpia: John Benjamins.

Foster, Hal
1984 (Post)modern Polemics. *New German Critique* 33: 67–78.

Fowles, John
1977 *The Magus*. London: Triad/Panther.

Fuentes, Carlos
1978 *Terra Nostra*. Harmondsworth: Penguin.

Gass, William
1971 *Willie Master's Lonesome Wife*. New York: Alfred A. Knopf.

Goosen, Jeanne
1987 *Louoond*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Graff, Gerald
1975 Babbitt at the Abyss: The Social Context of Postmodern American Fiction. *Tri Quarterly* 33: 305–337.

Hassan, Ihab
1982 *The Dismemberment of Orpheus: Toward a Postmodern Literature*. 2nd ed. London: University of Wisconsin Press.
1986 Pluralism in Postmodern Perspective. *Critical Inquiry* 12(3): 503–520.

Hudson, W.
1988 Postmodernity and Criticism. *Poetics* 17: 185–295.
Hutcheon, Linda
1983 The Carnivalesque and Contemporary Narrative: Popular Culture and the Erotic. *University of Ottawa Quarterly* 53(1).
1984 *Narcissistic Narrative: The Metafictional Paradox*. New York & London: Methuen.
1985 *A Theory of Parody: The Teachings of 20th Century Art Form.* New York: Methuen.
1987 Beginning to Theorise Postmodernism. *Textual Practice* 1(1): 10–32.
Huyssen, Andreas
1984 Mapping the Postmodern. *New German Critique* 33: 5–52.
Jameson, Fredric
1984 Postmodernism, or the Cultural Logic of Late Capitalism. *New Left Review* 146: 53–92.
Jencks, Charles
1986 *What is Postmodernism?* London: Academy Editions.
Keen, M.L.
1971 Topology. *Colliers Encyclopedia* nr 22.
Lentricchia, Frank
1983 *After the New Criticism*. London: Methuen.
Letoit, André
1989 *Suidpunt Jazz*. Pretoria: HAUM-Literêr.
Liebenberg, Wilhelm
1988 Postmodernism: Progressive or Conservative? *JLS/TLW* 4(3): 271–286.
Lodge, David
1977 Postmodernist Fiction. In: *The Modes of Modern Writing*. London: Edward Arnold.
Lyotard, J.F.
1984 *The Postmodern Condition: A Report of Knowledge*, translated by G. Bennington & B. Massumi. Manchester: Manchester University Press.
McConnell, Frank D.
1977 *Four Postwar American Novelists*. Chicago & London: University of Chicago Press.
McHale, Brian
1987 *Postmodernist Fiction*. New York & London: Methuen.
Moi, Toril
1986 *The Kristeva Reader*. New York: Columbia University Press.
Muller, Martie
1989 Die topologiese aard van postmodernistiese fiksie. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
O'Brien, Flann
1971 *At Swim-Two-Birds*. Harmondsworth: Penguin.
Phillips, Fransi
1985 *Sewe & sewentig stories oor 'n clown*. Pretoria: HAUM-Literêr.
1988 *Theresa se droom*. Kaapstad & Pretoria: Human & Rousseau.
Prinsloo, Koos
1987 *Die hemel help ons*. Emmarentia: Taurus.

Pynchon, Thomas
1973 *Gravity's Rainbow*. New York: Viking.

Ryan, Pamela
1985 The Postmodern Text in Recent American Fiction. *JLS/TLW* 1(4): 38–52.

Ryan, Rory
1988 Introduction: Postmodernism and the Question of Literature. *JLS/TLW* 4(3): 247–258.

Said, Edward W.
1983 *The World, the Text and the Critic*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Spires, Robert C.
1984 *Beyond the Metafictional Mode: Directions in the Modern Spanish Novel*. Kentucky: University of Kentucky Press.

Stark, John O.
1974 *The Literature of Exhaustion*. Durham: Duke University Press.

Stevick, Philip
1981 *Alternative Pleasures: Postrealist Fiction and the Tradition*. Urbana, Chicago & London: University of Illinois Press.

Thiher, Allen
1984 *Words in Reflection: Modern Language Theory and Postmodernist Fiction*. Chicago & London: University of Chicago Press.

Van Heerden, Etienne
1988 *Liegfabriek*. Kaapstad: Tafelberg.

Waugh, Patricia
1984 *Metafiction: The Theory and Practice of Self-Conscious Fiction*. London & New York: New Accents. Methuen.

Young, Robert (ed.)
1987 *Untying the Text: A Post-Structuralist Reader*. London & New York: Routledge & Kegan Paul.

Zepp, Evelyn H.
1982 The Criticism of Julia Kristeva. *The Romanic Review* 73: 80–97.